

*Donderdag 2 Oktober*

**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-7 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 19:6**

**Ons verlossing is beplan**

Om die verbondsvolk van die HERE te wees, is die kosbaarste skat. Dit leer die HERE die volk by die berg Sinai as Hy hulle herinner aan die wyse waarop Hy hulle verlos het uit Egipte en hoe Hy hulle op “arendsvlerke” gedra het en na Hom gebring het.

Die verbond bestaan dan uit beloftes en eise. God is vir sy volk 'n God terwyl Hy eis dat sy volk sy volk moet wees. In vers 6 beskryf Hy iets van hoe dit lyk om sy volk te wees as Hy dit stel dat die volk vir Hom 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie sal wees.

Priesterlik moes Israel sekere seremoniële wette onderhou, soos die offers waardeur hulle moes getuig van hulle verwagting van Christus wat sou kom. As koninkryk van God moes hulle dit duidelik maak dat hulle maar een Koning het en dit is God, en as die heilige nasie van God moes hulle weet hulle is afgesonder van die wêreld wat hulle aan hulle eie sondige begeertes oorgegee het. Die verbondsvolk is dus nie vry nie, maar ook nie onder dwang nie, hulle is eerder bly oor die heilige heerskappy van God oor hulle wat Hy vir Hom as erfdeel verkies het. In die verhouding wil die kerk die HERE ook eer en dien.

Petrus wys in 1 Petrus 2:9 daarop dat ons ook deel maak van hierdie heilige en koninklike priesterdom, gestuur om Christus te verkondig wat ons uit die duisternis geroep het om in sy wonderbare lig te leef. Natuurlik het ons daaraan net deel omdat ons aan die Christus wat ons verkondig, deel het. Sonder Christus is daar nie 'n verbond nie en sonder die verbond is daar geen band tussen ons en God nie.

God se verbond met ons hang dus heeltemal af van ons Godgegewe geloof in Christus wat ons nie passief nie, maar aktief beoefen deur ons strewe tot 'n heilige lewe.

*Sing: Psalm 105-1:5, 6*

*Ds. HFR (Riekert) Pelsner (Kemptonpark)*